Publication: Son (Kaap)

Date: Monday, March 14, 2022

Page: 6

# MAAK 21 JAAR REEDS SMILES

## Het al meer as 4 000 lewens verander



**SOVEEL BETER:** 'n Mamma sit met haar baba na nóg een van Smile Foundation se suksesvolle operasies. **FOTO VERSKAF**

**EIE VERSLAGGEWER**

**DIE Smile Foundation word mondig.**

Ja, dis al 21 jaar sedert hulle die lewens van só baie verander en presies soos sy naam sê, 'n glimlag teruggebring het.

Die organisasie het in hul 21-jarige bestaan reeds meer as 4 000 lewens-veranderende operasies uitgevoer wat nie alleen die pasiënt nie, maar ook die hele familie se lewens ten goede verander het.

Noudat hulle mondig is in hul fantastiese werk, beplan die organisasie ook om in nuwe velde te gaan en ook beleggings in gespesialiseerde mediese opleiding vir Suid-Afrikaanse dokters te maak.

Die Smile Foundation se logo het ook van baadjie verander, om soos die tye verander, aan te pas.

Kim Robertson Smith, die CEO sê hul nuwe logo vier hul mondigwording, maar is ook simbolies van hul fokus om vooruit te gaan en nóg meer goeie werk te doen.

"Hoewel ons organisasie steeds eksklusief fokus op gebreke in die gesig wat met chirurgie verbeter kan word, kyk ons ook na ander velde.

"Veral na brandwonde, juis omdat daar so baie kinders deur brandwonde in ons land geraak word. Ons kyk ook na rekonstruktiewe chirurgie in dié verband," sê sy.

Wat die organisasie ook baie goed doen, is sielkundige bystand aan ouers.

Die Smile Foundation staan veral bekend vir hul intrede en hulp aan kinders wat gebore is met 'n gesplete verhemelte.

Hulle het ook bystand-groepe waar ouers onderling mekaar bystaan terwyl hul kind deur die trauma van operasies gaan.

Dieselfde word beplan vir kinders met brandwonde, wanneer daarmee begin word.

Hulle reik ook uit na ander organisasies wat soortgelyke werk doen.

*Son* wens die organisasie geluk met 21 jaar van fantastiese werk, deernis en hulp waar dit die heel nodigste is.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.